“OUER PERSONE SE REGTE IS MENSEREGTE”

HANDVES VIR OUER PERSONE

INLEIDING

Ons, die ouer persone en senior burgers van Suid-Afrika, het tot die skryf van hierdie handves bygedra. Ons is die geslag wat die meeste deur ons problematiese verlede aangetas word. Die doel van hierdie handves is om ons huidige regte te bevorder en seker te maak dat toekomstige geslagte ouer persone die verdeling en diskriminasie wat ons beleef het, gespaar sal word.

Ons het moeilike tye oorleef. Ons het na die beste van ons vermoëns hard gewerk, ons het ons kinders grootgemaak en vir ons gesinne gesorg. Ons het ‘n swaar las gedra, maar het ervaring en wysheid ryker geword.

Onder apartheid is ons deur rasseonderskeid en stambeleide verdeel. Die meeste van ons is voldoende onderrig, dienste en werk ontsê. Baie van ons is gewelddadig uit ons huise verwyder en sonder hulp of dienste in afgeleë gebiede afgelaai. Ons het onmeetbare verliese en ellende beleef. Ons is deur onderdrukking van rasse seergemaak. In die stryd vir vryheid en gelykheid is daar baie lewens opgeoffer.

Party van ons is siek en sommige van ons is gestrem, maar ons is almal daarop geregtig om met respek behandel te word. Ons wil nie as broos, seniel, swaksinnig, doof of vergeetagtig geëtiketteer word nie. Ons wil geen verdere vorm van diskriminasie ervaar of aalmoese ontvang nie. Ons wil deel wees van die opbou van ‘n vrye Suid-Afrika.

Ons vorm die skakel met ‘n lang lyn van voorouers. Ons is belangrike pilare in die samelewing. Die meeste van ons speel steeds betekenisvolle rolle en deel ons wysheid en ervaring met die jonger geslagte.

Ons verklaar daarom dat ons graag betekenisvolle en bevredigende lewens wil lei, in ons huise wil aanhou woon vir solank as wat dit vir ons moontlik is, versorging en ondersteuning wil ontvang soos nodig en, wanneer ons nie langer in staat is om by die huis te kan bly nie, wil ons in ‘n plek versorg word waar ons beskerm en toegelaat word om tot aan die einde van ons lewens ‘n waardige bestaan te lei.

Ons doen ‘n beroep op alle Suid-Afrikaners om hulself daaraan toe te wy om ons basiese regte te beskerm en te handhaaf, soos dit in die Grondwet van Suid-Afrika vervat word en in ooreenstemming net die Verenigde Volke se Resolusie oor die regte van ouer persone (nr. 46 van 1991)

Hierdie regte moet deur alle vlakke van die regering, politieke partye, jeugtakke en organisasies, vakbonde, tradisionele leiers en kerke toegepas word.

A. DIE REGTE VAN ALLE OUER PERSONE

1. **Gelyke beregtiging:**

- Die reg op gelykheid voor die reg;
- Die reg om nie bloot op grond van ouderdom teen gediskrimineer te word nie;
- Die reg om ‘n optimale vlak van welstand te bereik.

2. **Respek**:

- Die reg op respek, en die plig om ander mense te respekteer;
- Die reg op privaatheid, en dat ons huise en besittings beskerm word;
- Die reg om deur staatsamptenare en professionele persone, wat aan ons dienste verskaf, op ‘n regverdige en waardige wyse behandel te word;
- Die reg op respek wat betref ons godsdienstige en kulturele waardes.

3. **Vryheid**:

- Die reg op vryheid van gewete, taal en mening;
- Die reg op vryheid van uitdrukking en assosiasie;
- Die reg op vryheid van beweging en woonplek.

B. DIE REGTE VAN OUER PERSONE WAT IN DIE SAMELEWING BLY

1. Dienste:

- Die reg op sosiale sekuriteit of maatskaplike ondersteuning indien ons nie in staat is om onsself en ons afhanklikes te ondersteun nie;
- Die reg op gemak en skuiling, terwyl ons op openbare dienslewering wag;
- Die reg op toegang tot, en behandeling by gesondheidfasiliteite en tot rehabilitasie om ons optimale fisiese en geestelike welstand in stand te hou;
- Die verskaffing van ‘n minimumvoorraad gratis water en krag, en toegang tot afslag op eiendomsbelasting;
- Die reg op ‘n huis wat alle weersomstandighede op ‘n bewoonbare erf kan weerstaan;
- Die reg op voldoende inkomste om kos, water en beskerming te voorsien;
- Die reg tot bekostigbare en beskikbare vervoer;
- Rolstoelvriendelike openbare geboue en die voorsiening van ondersteunende apparate waar nodig;
- Die reg op tuisversorging indien dit nie moontlik is om buiteversorging te verkry nie;

- Gepaste tuisversorging indien nodig, onafhanklik van finansiële status;
- Toegang tot maatskaplike- en regsdienste indien nodig, insluitend opleidingsprogramme en hulp met afloshulp indien ons ander persone versorg.

2. Beskerming:

- Die reg op die volle beskerming onder die reg;
- Die reg op beskerming teen uitbuiting, mishandeling, geweld, teistering en viktimisasie;
- Die reg om nie sonder ‘n hofbevel uitgesit te word nie;
- Die reg op streng veiligheid en sekuriteitmaatreëls by pensioenbetaalpunte;
- Die reg om nie van eiendom of bates ontneem te word nie, behalwe in terme van die reg;
- Die reg om nie bloot op grond van ouderdom gedwing te word om af te tree nie;
- Die reg op dispuut wat deur ‘n geregshof tydens ‘n regverdige, openbare verhoor, of indien versoek, in kamera, beslis kan word.
- Die reg om in ‘n omgewing te woon binne ons veranderende vermoëns, wat veilig en aanpasbaar is

3. Deelname:

- Die reg om te werk en ‘n inkomste te verdien, en op deelname aan besluitneming oor ons aftrede;
- Die reg op toegang tot onderrig- en opleidingsprogramme, kulturele, geestelike en ontspanningfasiliteite;
- Die reg op inligting en deelname aan die samelewing, besluitneming en konsultasie oor beleide wat ons welstand beïnvloed;
- Die reg op die vestiging van verenigings, en om kennis en vaardighede met jonger geslagte te deel;
- Die reg om ons eie taal te gebruik (insluitend gebaretaal) en om aan die kultuur van ons eie keuse deel te neem;
- Die geleentheid om die samelewing volgens ons eie belangstelling en vermoëns te dien.

3. DIE REGTE VAN OUERS PERSONE WAT IN RESIDENSIËLE FASILITEITE WOON

1. Versorging:

- Die reg om, afhangend van behoeftes, versorging en bystand te ontvang;
- Die reg om deur opgeleide en ontfermende versorgers versorg te word;
- Die reg om, indien ons dit kan bekostig, deur ons eie dokters behandel te word.

2. Verteenwoordiging:

- Die reg van verteenwoordiging op die inwonerskomitee;
- Die reg om ‘n verteenwoordiger aan te stel om, indien nodig, vrywillig of *pro bono* namens ons op te tree.

3. Deelname:

- Die reg op besoek deur familie en vriende;
- Die reg om oor die finansiële toestand van die fasiliteit en veranderinge in bestuur ingelig te word;
- Die reg tot deelname aan sosiale, godsdienstige en samelewingsaktiwiteite van keuse.

4. Respek:

- Die reg tot voldoende kennisgewing van ‘n beoogde oorplasing of ontslag;
- Die reg tot privaatheid en die besit en gebruik van persoonlike besittings;
- Die reg om ten alle tye deur personeel en bestuur met eerbied behandel te word.

5. Veiligheid en sekuriteit:

- Die reg op beskerming teen mishandeling en geweld;
- Die reg op beskerming teen fisiese gevare, insluitend vuur en oorstromings

4. OM TE VERSEKER DAT HIERDIE REGTE TOEGEPAS WORD

Om te verseker dat hierdie regte in stedelike en plattelandse gebiede toegepas word, doen ons ‘n beroep op ouer persone om hande te vat en hulself te laat hoor daar waar hulle bly en werk. Verder versoek ons regerings-, nieregerings-, samelewingebaseerde- en geloofgebaseerde organisasies om die volgende optrede te fasiliteer:

1. Werf ouer persone vanuit die res van die land, lig hulle oor hierdie regte in en te stuur hulle uit om hierdie kennis in kerke, dienssentrums, klubs en begrafnisverenigings te versprei;

2. Lei personeel in alle regeringsdepartemente op oor die regte van ouer persone en die bestaande wetgewing;
3. Stel hierdie handves wyd ten toon: in regeringsdepartemente en -dienste, winkels, openbare plekke, kantore en kerke, sodat staatsamptenare, gemeenskappe, ouers persone en die algemene samelewing van die regte van ouer persone bewus gemaak word;
4. Bied werkswinkels op alle vlakke vir regeringleiers, samelewingleiers en besluitnemers aan om bewuswording van hierdie handves te versprei;
5. Druk hierdie handves in die amptelike tale en in braille uit, versprei dit en stel dit ten toon;
6. Vestig ontspanning- en oefeningfasiliteite vir ouer persone en vir die jonger geslag;
7. Bou woonfasiliteite in gebiede waar ons bly, insluitend plattelandse gebiede, sodat ons naby ons familie en vriende kan bly en dit nie nodig is dat ons moet verhuis nie;
8. Beveg vooroordele oor ouderdom, en verwyder ouderdomgebaseerde beperkinge op krediet, indiensneming en opleiding;
9. Bied internasionale programme by skole aan om bewuswording van die mishandeling van ouer persone te bevorder en positiewe beelde oor die oudwordproses te bou;
10. Ontwikkel en implementeer ‘n nasionale strategie, insluitend reklame-toere om ‘n einde te maak aan geweld teenoor ouer persone;
11. Verseker dat befondsing op plaaslike, provinsiale en nasionale vlakke beskikbaar is sodat dienste gevestig en onderhou kan word, en meganismes en personeel in plek geplaas kan word om dienste te evalueer en te monitor.
12. Verseker dat ouer persone, wat hul kleinkinders versorg, toegang tot basiese dienste het, insluitend vervoer en ondersteuning;
13. Prioteriseer plattelandse en ander benadeelde areas vir ouderdomgebaseerde programme;
14. Plaas regsmaatreëls en ander maatreëls in plek om doeltreffend uitvoering aan die inhoud van hierdie handves te gee.
15. Vestig rapporteringstrukture waar ouer persone hul probleme kan rapporteer en hulp kan verkry. Adverteer die bestaan van hierdie strukture oral.